Geopende Deure

# GEBEDSKALENDER

Julie 2026



“Wees waaksaam, staan vas in die geloof.”
1 KORINTIËRS 16:13

# JULIE

## ONDERGRONDSE CHRISTENE

**Woensdag, 1 Julie**

Bid vir wysheid en veerkragtigheid vir ondergrondse kerke in plekke soos China, Laos, Jemen en Iran terwyl hulle intense monitering en druk trotseer. Vra die Here om kreatiewe maniere aan hulle te voorsien om in die geloof te groei en die Evangelie te bly deel.

**Donderdag, 2 Julie**

Tydens ŉ polisie-klopjag is Jinyi* se man, Zhang*, tronk toe gestuur weens sy betrokkenheid by hul huiskerk, en sy is alleen agtergelaat met twee kinders. Sy vra: “Bid asseblief vir ons. Ons jeugbyeenkomste moet ondergronds bly. En mense word nog steeds oorskadu deur vervolging en bly bang vir byeenkomste.”

**Vrydag, 3 Julie**

Bid dat God se Woord elke huishouding in China sal bereik, veral in streke waar die Evangelie onbekend of ongehoor is. Vra dat die Here getroue werkers soos Jinyi sal ophef en uitstuur.

**Saterdag, 4 Julie**

Kanya* en Phonesay* het byna alles vir hul geloof verloor, insluitend hul huis in Laos. Tog aanbid hulle steeds in die geheim. Kanya vra: “Bid dat ons sal vasstaan, ongeag wat gebeur, en Christus nooit sal verloën nie.”

**Sondag, 5 Julie**

Baie ontwortelde huiskerkleiers se kinders en ander jeugdiges word verbied om skool toe te gaan omdat hul ouers weier om hul geloof

> **“Ek staan sterk in my geloof, en ek weet my lewe is veilig by Jesus.”**
>
> **– PASTOOR KHOUN, LAOS**

*Kanya* en Phonesay* se ondergrondse kerk (uitbeelding).*





**Name verander weens veiligheidsredes.*

te verloën. Bid dat hierdie kinders se kennis en geloof sal groei.

**Maandag, 6 Julie**

Bid dat God die ondergrondse studente- en jeuggroepe regdeur China met Sy magtige hand sal beskerm en versterk.

**Dinsdag, 7 Julie**

Bid vandag vir Geopende Deure se teenwoordigheidsbediening dat die Heilige Gees ons vennote sal lei, gegrond in die waarheid en vervul met God se liefde. *Here, laat hierdie bediening aan U eer bring.*

**Woensdag, 8 Julie**

Bid vir vervolgde leiers en werkers, soos Fuxi*, wat etniese minderhede bedien en die risiko van monitering en streng maatreëls in die gesig staar. Vra dat God haar wysheid sal gee.

**Donderdag, 9 Julie**

Bid vir volharding vir Ling*, ŉ ondergrondse gelowige wat ons tydens onlangse dissipelskap-opleiding van Geopende Deure ontmoet het. Haar familie het na hul bergdorpie in Suidwes-China teruggekeer om hul geloof te deel.

**Vrydag, 10 Julie**

Bid vir pastoor Khoun* (59), ŉ gelowige en leier van ŉ huiskerk in Laos, wie se huis vernietig is. Hy volhard egter en deel: “Die Bybel leer dat niks my skade kan berokken nie – nie geeste, toorkuns, gif of ander mense wat my wil seermaak nie. Ek staan sterk in my geloof, en ek weet my lewe is veilig by Jesus.”

**Saterdag, 11 Julie**

Bid vandag dat die owerhede ontwortelde kerkleiers sal toelaat om na hul huise terug te keer. Bid dat hulle hul harte sal versag en dat die owerhede God se liefde deur hierdie leiers se getuienis sal raaksien.

**Sondag, 12 Julie**

Bid vir uithouvermoë en beskerming vir ondergrondse pastore en kerklidmate wat in die tronk opgesluit is. Bid dat God hul families sal bemoedig, versterk en vir hulle sal voorsien.

**Maandag, 13 Julie**

Bid dat diegene wat ondergrondse gelowiges vervolg dat hulle God se liefdevolle goedheid en reddende genade sal teëkom.

**Dinsdag, 14 Julie**

Bid vir sterk dissipelskap- en leierskapsbedienings in ondergrondse kerke sodat dit getroue en gehoorsame volgelinge van Jesus sal voortbring.

**Woensdag, 15 Julie**

Bid vir die volgende geslag in China – die land se kwesbaarste groep gelowiges – dat hul kennis van God sal groei en dat Hy meer werkers sal voorsien om onder hulle te bedien.

**Donderdag, 16 Julie**

Bid vir nuwe ondergrondse bekeerlinge, veral vir die vrymoedigheid om hul geloof te beoefen. Bid dat hul lewens lewende getuienisse sal word.

**Vrydag, 17 Julie**

Satan het die oë van baie mense in Laos verblind en sade van bedrog oor die Christendom gesaai. Bid dat God hierdie geestelike vestings sal afbreek en leuens met die waarheid sal vervang.

**Saterdag, 18 Julie**

Loof God vir opleiding vir leiers en gelowiges in Laos. Mag ons plaaslike vennote kragtig gebruik word terwyl hulle deelnemers toerus om Bybelse beginsels te ondersoek.

**Sondag, 19 Julie**

Bid ook vir leierskapswerkswinkels wat op vroue en kinders fokus. Bid vir wysheid en onderskeidingsvermoë vir leiers terwyl hulle saamwerk om onderrigmateriaal te verbeter.

## COLOMBIË

**Maandag, 20 Julie**

Colombië se Onafhanklikheidsdag word vandag herdenk. Christene in baie streke ervaar egter nie vryheid nie. Bid vandag vir Christelike gemeenskappe wat bedreigings in die gesig staar, wat hul vermoë beperk om openlik te aanbid en te dien.

**Dinsdag, 21 Julie**

Bid saam met 13 gesinne wat gedwing is om hul gemeenskap in Nariño, Colombië, te verlaat omdat hulle Jesus dien. Bid dat hierdie families verenig sal bly en mekaar sal versterk.

*Ruth met ŉ foto van haar vermiste dogter.*



**Woensdag, 22 Julie**

Bid vir die ontwortelde Kerk op plekke waar geweld en kriminele beheer volledige gemeentes uit hul huise verdryf het. Bid vir stabiliteit terwyl hierdie gelowiges hul huise en lewens herbou.

## STAAN OP AFRIKA

**Donderdag, 23 Julie**

Ons het onlangs met Ruth* gepraat, wie se dogter en stiefdogter nog steeds vermis word – gevangenes van die 2014-aanval op ŉ meisieskool in Chibok. Sy vra ons om saam met haar te bid: "Broers en susters in Christus, help ons met gebede ... bid dat ons die meisies met ons eie oë sal sien."

> **"Bid dat ons die meisies met ons eie oë sal sien."**
>
> – RUTH, NIGERIESE MOEDER

**Vrydag, 24 Julie**

Alheri was twaalf toe Boko

Haram-vegters haar gevange geneem het. Sy het ontsnap en na Geopende Deure se traumasentrum gegaan. Loof God! Alheri vra: "Bid dat God my geloof sal versterk en my drome oor Boko Haram sal wegneem."

**Saterdag, 25 Julie**

Bid vir die 27-jarige Blessing, ŉ voormalige gevangene van ŉ ekstremistiese groep, wat traumasorg by Geopende Deure ontvang het. "Ek het geleer om te vergewe," sê sy. Bid dat God haar heeltemal van hierdie trauma sal genees.

**Sondag, 26 Julie**

Die geweld teen hoofsaaklik Christelike gemeenskappe in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) het kommerwekkende afmetings aangeneem. Bid vir die versterking van die Kerk in die aangesig van hierdie aanvalle.

**Maandag, 27 Julie**

Bid saam met ŉ DRK-leier, ds. Kitika: "Ons vra die gebede van broers en susters regoor die wêreld vir die terugkeer van vrede sodat ons kan voortgaan om die Goeie Nuus van Jesus Christus te versprei."

**Dinsdag, 28 Julie**

Loof God vandag vir geregtigheid. In Nigerië is byna 400 terroriste, wat aan bekende ekstremistiese groepe gekoppel is, in ŉ massaverhoor skuldig bevind en tronkstraf van vyf jaar tot lewenslank opgelê.

## SRI LANKA

**Woensdag, 29 Julie**

Bid saam met jou suster, Sunisha*, vir krag om te vergewe. Sy het gekyk hoe haar broer haar Bybel verbrand en het aanrandings verduur. "God sal my nie ŉ beproewing gee wat ek nie kan hanteer nie," sê sy.

**Donderdag, 30 Julie**

Om haar lewe aan Jesus oor te gee, het Jerusha haar familie gekos. Bid dat ons suster met haar pa kan versoen, wat omkopery en teistering gebruik om haar te dwing om na haar Boeddhistiese wortels terug te keer.

**Vrydag, 31 Julie**

Bid saam met Geopende Deure se plaaslike vennote vir wysheid terwyl hulle Sunisha en Jerusha bly besoek. Hulle ondersoek maniere om die vroue en hul families te ondersteun.

**Name verander weens veiligheidsredes.*

Geopende Deure

Geopende Deure Afrika
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
+27 66 397 1319

VOLG ONS OP:
www.opendoors.org.za

Geopende Deure Open Doors NPC – Reg. Nr: 2004/023397/08 – PBO Nr: 930011129